**Wederkoms: Opstanding, finale oordeel, vreugde in die hemel**

**1 Kor 15:42-49, Mat 25:31-40, Op 19:1-9**

**5 Desember 2021**

1. Drie periodes na die dood: (1) Tot die wederkoms (2) Met die wederkoms (3) Na die wederkoms
2. Gebeurtenisse met die wederkoms: (1) Opstanding van die dooies (2) Finale oordeel (3) Vreugde in die hemel (4) Herskepping van die fisiese skepping
3. Wederkoms: Onverwags (Mat 24:36, 44), aan die einde van die tyd (Mat 24:29-31)
4. Opstanding van die dooies
    a. 1 Tess 4:13-18
        i. Die wat steeds lewe sal nie voor die afgestorwenes wees nie
        ii. Wêreldwye aankondiging, dooies se liggame staan op, uitverkorenes wat lewe bymekaar gemaak (Mat 24:31), saam met Jesus op wolke weggevoer
    b. 1 Kor 15:35-49
        i. Saad vs plant: ooreenkomste en verskille
        ii. Opstandingsliggaam herkenbaar met verskille: onverganklik (vs verganklik), heerlik (vs gering, oneervol), sterk (vs swak)
        iii. Huidige liggaam: natuurlik, uit stof, God het asem ingeblaas, pas by huidige bedeling
        iv. Opstandingsliggaam: geestelik, deur lewendmakende Gees, pas by toekomstige bedeling
5. Finale oordeel
    a. 2 Kor 5:10 – almal moet voor Christus verskyn – om te ontvang volgens sy dade
    b. Mat 25:31-46 – Skape: aan regterkant, ontvang die koninkryk, dade aan geringstes
    c. Op 11:15-19, 22:12 – Gelowiges ontvang loon volgens wat hulle gedoen het
    d. Doel van finale oordeel – Toekenning van loon (1 Kor 3:10-15)
    e. Mat 25:14-30 - Loon behels verantwoordelikhede in die ewigheid
6. Vreugde in die hemel (Op 19:1-9)
    a. Op 18: oordeel oor sedelose vrou; Op 19:10-21: oordeel deur Ruiter op wit perd
    b. 4 Halleluja's:
        i. Besing oorwinning, God se heerlikheid en mag, Sy regverdige oordeel (Beryming: https://youtu.be/WjNxVHC_6JI)
        ii. Besing God se oordeel: finaal en permanent
        iii. 24 Ouderlinge en 4 lewende wesens stem saam met die lofprysing
        iv. Besing dat God die Almagtige heers as Koning, bruilofsmaal van die Lam
7. Tot dusver:
    a. As 'n gelowige sterf, is hy direk in die hemel voor God se troon en die Lam, met wit klere aan, neem deel aan hemelse lofprysing, maar hy wag nog
    b. Met die wederkoms ontvang hy 'n onverganklike, heerlike, sterk opstandingsliggaam en word verenig met alle gelowiges
    c. Met die wederkoms verskyn hy voor Christus se regterstoel – aan die regterkant, hy ontvang sy loon, en gaan die koninkryk in
    d. Met die wederkoms neem hy deel aan die hallelujakoor en besing God, sy oorwinning en God se oordele, en gaan sit aan die bruilofsmaal van die Lam as deel van die bruid
    e. En steeds is dit nie die einde nie…